



18 Augustus 2021

Geagte Ouers

Middagverkeer in Kochstaat

Gun ons asseblief eerstens die geleentheid om u almal te bedank vir u geduld en opofferings gedurende die uitdagende tye waarin ons leef. Elkeen van ons kinders is kosbaar. Bloemhof poog om tydens die samestelling van alle reëls en beplanning rondom die werking van die skool (ook tydens die duur van die Rampbestuurswet) ook vir u as ouers in ag te neem.

Ons weet egter ook dat die huidige parkering en op- en aflaai vir baie ouers 'n bron van bekommernis en frustrasie is. Ons glo wel dat die oggend-aflaai van kinders baie glad onder omstandighede verloop; en dankie vir almal se geduld en samewerking in hierdie verband. Dankie ook vir alle onderwysers en personeel wat met die gladde vloei van verkeer help.

Dit is egter die middag-oplaai wat erge frustrasies lewer. Die busse wat byvoorbeeld die paaie volstaan is buite ons beheer. Ons het egter reeds verskeie kere die Munisipaliteit bewus gemaak en voorstelle aanbeveel, soos om byvoorbeeld die busse op die groot parkie-area te laat parkeer. Ons is bekommerd oor ons dogters se veiligheid met die baie verkeer in die middag. Maar, wees verseker dat ons alles in ons vermoë om die Munisipaliteit te oorreed om ander opsies te oorweeg.

Kom ons probeer egter as padverbruikers getrou die padreëls nakom. Een voorbeeld is die reël wat by die Paul Roos sirkel geld – dat die eerste persoon by die sirkel voorrang het om dit te gebruik (dit werk dus soos 'n toegangsteken; dit is nie 'n groot sirkel nie). Tweedens wil ons versoek dat ons tog ons skool se bure en toegang tot hul eiendomme sal respekteer.

Ons bly deurlopend in kontak met belanghebbendes in en om die dorp om oplossings vir hierdie probleem te soek. Ons vra u geduld, en samewerking, om ons dogters se veiligheid te verseker.

Vriendelike groete.

Tienie Ehlers
ns Die Beheerliggaam